**SiVEST**
4 Pencarrow Crescent, La Lucia Ridge Office Estate,
Umhlanga Rocks. 4320
PO Box 1899, Umhlanga Rocks. 4320
KwaZulu-Natal, South Africa

Established 1952

# Site Notice Placement for Lesaka 1 and 2 SEF

**Location:** Loeriesfontein High School

**Coordinates:** 30°57'24.56"S 19°26'43.89"E









**Location:** **Loeriesfontein Primary School**

**Coordinates:** **30°57'4.33"S 19°26'12.45"E**









## Location: Loeriesfontein Library

## Coordinates: 30°56'59.80"S 19°26'14.99"E







**Location: Hantam Local Municipality**

**Coordinates: 30°57'12.09"S 19°26'29.83"E**









**Location: Various locations around the Lesaka 1 and 2 SEF sites**











SIVEST
Environmental Division

SiVEST

## NOTICE OF ENVIRONMENTAL AUTHORISATION PROCESS

Notice is hereby given of a Public Participation Process (PPP) to be undertaken in terms of the National Environment Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended and the Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations. **DFFE Reference Number:** To be allocated upon submission of application.

**Nature and Location of Activity:** The applicants, Lesaka 1 Solar Energy Facility (Pty) Ltd. and Lesaka 2 Solar Energy Facility (Pty) Ltd are proposing the development of two commercial Solar Energy Facilities (SEF) and associated infrastructure on a site located approximately 35 km North of Loeriesfontein within the Hantam Local Municipality and the Namakwa District Municipality in the Northern Cape Province. It is proposed that each SEF will comprise of several arrays of PV Panels with the capacity of up to 240 MW per SEF.

**Applications for Scoping and Environmental Impact Assessment (EIA) processes for the proposed Solar Energy Facilities and associated infrastructure will be submitted to the competent authority, the Department of Forestry, Fisheries and Environment (DFFE), for a decision.**

**Applicable NEMA Listed Activities:** - LN1 GN R327 - 11(i), 12(ii)(a)(c), 14,19, 24(ii), 28(ii), 48 (i) (a)(c), 56(ii) LN2 GN R325 - 1, 15. LN3 GN R324 - 4(g)(ii)(ee), 10(g)(ii)(iii)(ee), 12(g)(ii), 14(ii)(a)(c)(g)(ii)(ff), 18(g)(ii)(ee)(ii) & 23(ii)(a)(c)(g)(ii)(ee).

**To register as an Interested and / or Affected Party (I&AP) and / or to obtain additional information please** submit your name, contact details (telephone number, postal address and email address) and the interest which you have in the application to SiVEST as per the details below and please reference the'Lesaka 1 SEF' or 'Lesaka 2 SEF' in your correspondence.

I.T.O POPIA, you hereby declare and confirm that you, as an I&AP providing information, consent for your information to be gathered, stored and distributed for the purpose of this project.

## KENNISGEWING VAN DIE OMGEWINGSMAGTIGINGSPROSES

Kennis geskied hiermee van 'n Openbare Deelnameproses (ODP) wat ingevolge die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) soos gewysig, en die Regulasies op Omgewingsimpakevaluerings (OIE-regulasies), onderneem moet word. **DBVO-verwysingsnommer:** Moet toegeken word met indiening van aansoek.

**Aard en ligging van aktiwiteit:** Die applikante, Lesaka 1 Solar Energy Facility (Edms.) Bpk. en Lesaka 2 Solar Energy Facility (Edms.) Bpk. stel die ontwikkeling voor van twee kommersiële Sonkragaanlegte (SKA's) en verwante infrastruktuur op 'n terrein wat sowat 35 km noord van Loeriesfontein in die Hantam Plaaslike Munisipaliteit en die Namakwa Distriksmunisipaliteit in die Noord-Kaapprovinsie geleë is. Daar word voorgestel dat elke SKA sal bestaan uit verskeie reekse FV-panele met 'n vermoë van hoogstens 240 MW per SKA.

**Aansoeke om Bestekopmane- en Omgewingsimpakevalueringsprosesse (OIE-prosesse) vir die beoogde Sonkrag-aanlegte en verwante infrastruktuur sal by die bevoegde owerheid, synde die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DBVO) ingedien word vir 'n besluit.**

**Toepaslike NEMA-gelyste aktiwiteite:** Lyskennisgewing (LK) 1 Staatskennisgewing (SK) R327 - 11(i), 12(ii)(a)(c), 14,19, 24(ii), 28(ii), 48 (i) (a)(c), 56(ii) LK2 SK R325 - 1, 15. LK3 SK R324 - 4(g)(ii)(ee), 10(g)(ii)(iii)(ee), 12(g)(ii), 14(ii)(a)(c)(g)(ii)(ff), 18(g)(ii)(ee)(ii) & 23(ii)(a)(c)(g)(ii)(ee)

**Om as 'n Belangstellende en/of Geaffekteerde Party (B&GP) te registreer en/of om bykomende inligting te bekom,** moet u asseblief u naam, kontakbesonderhede (telefoonnommer, pos- en e-posadres) en die belang wat u by die aansoek het, aan SiVEST verstrek by die onderstaande besonderhede en die verwysing 'Lesaka 1 SEF' of 'Lesaka 2 SEF'in u korrespondensie gebruik.

*Ten opsigte van die Popi-wet, verklaar en bevestig u hiermee dat u, as 'n B&GP wat inligting verskaf, toestem dat u inligting vir die doel van hierdie projek ingewin, gestoor en versprei mag word.*

| Lesaka 1 Centre Point Coordinates | Lesaka 2 Centre Point Coordinates |
|---|---|
| 30°36'49.45" S 19°28'14.63" E | 30°39'19.19" S 19°27'53.10" E |

## Contact Details / Kontakbesonderhede

SiVEST Environmental Division
Contact/Kontak: Hlengiwe Ntuli / Michelle Guy
Tel. (011) 798 0600, P.O. Box 2921, Rivonia 2128
E-mail/E-pos: sivest.ppp@sivest.com Website/Webwerf: www.sivest.com
Correspondence throughout the remainder of the PPP and EIA Process will only be distributed to Registered I&APs.
Registration is possible throughout the EIA Process

A copy of the draft Scoping Report can be obtained on the SiVEST website at the following address: https://www.sivest.com/za/Download/or at Hantam Local Municipality, 13 Long Street, Loeriesfontein, 8185.
The comment period for the draft Scoping Report will run from 10 March 2023 to 12 April 2023.

**NOORDWESTER UITGEWERS**
*Drukkers van Naam op Calvinia*
TEL. 027 341 1026
FAKS 027 341 1686
E-pos:
noordwester@hantam.co.za

JAPIE OOR KOPHOU IN 'N VERANDERENDE WÊRELD

# Bakkies tien myl per gelling tot duur produksie van vee

*Geagte Leser,*

'n Mens staan verbaas oor hoe vinnig dinge verander. Of is dit net die mening van iemand wat lank genoeg in die tand is om hierdie veranderinge eerstehands te ervaar? Tog is dit waar dat verandering plaasvind.

Daarmee is op sig self nie iets verkeerd nie. Wie wil vandag nog met 'n bakkie ry waarvan die brandstofverbruik 10 myl per gelling is? Laat ons ons haas om te sê dat 10 myl 16 km. is en een gelling ongeveer 4.5 liter is. As my som reg is, beteken dit 3.6km. per liter, terwyl vandag se bakkies 10 of selfs meer km. per liter gee.

Die poskantoor was altyd 'n prestige besigheid. Die posmeester was 'n gerekende man op die dorp. Dit bestaan nie meer vandag nie. Indien ons ons daarby kan aanpas (saam met die nuwe tegnologie ontwikkel), is dit eintlik baie geriefliker om korrespondensie op jou rekenaar te ontvang. Selfs die dag se koerant is vanaf vyfuur die oggend op alle plekke met internet beskikbaar. Die nuus kom nie by ons eers 'n paar dae later aan nie en die koste aan die koerant is minder as 'n derde van wat die gedrukte koerant ons sou kos.

Is dit altyd so dat verandering met 'n positiewe ontwikkeling saamval? Ek dink nie noodwendig so nie. As 'n mens met kenners gesels, kom jy agter dat kleinveeboerdery onder druk is. Dit is die tyd wanneer oplossings vir hoër produksie gesoek moet word. Om hoër produksie te kan bereik, moet daar navorsing gedoen word. Hierdie navorsing moet aan die boer via 'n voorligtingsaksie oorgedra word. Dit is so dat voorligting gemik op die kommersiële veeboer, bykans tot stilstand gekom het. Lê die oplossing daarin dat die produkte wat ons bemark self navorsing moet befonds? Dalk sal dit 'n klein prys wees om vir hoër produktiwiteit te betaal.

Toe ek vanoggend by die voordeur uitloop met die vars reuk van reën in die lug, die donderweer wat gedemp dreun en die son wat die kranse van die Hantamberg plek-plek helder verlig, besef ek dat alles nie verander het nie.

Deur die eeue het die berge rondom Calvinia gestaan en het hierdie gebeure homself onveranderd herhaal. Ek het ook onder die indruk gekom van die onveranderlikheid van die Skepper al het ons verstaan van Hom dalk oor tyd verander.

Wanneer ontwikkeling in die wêreld ons soos vreemdelinge laat voel, laat ons vas hou aan dit wat onveranderlik is en laat ons probeer om by te hou en aan te pas by 'n veranderende wêreld.

*Groete, Japie.*

*(Dalk moet Japie vir ons gaan uitvind hoeveel die gelling petrol destyds gekos het. 'n Vyfliter kannetjie kos nou R115,00. – RN)*




## JONG VROU BOER MET MERINO'S

LENZY CONSTABLE is 'n 25-jarige vrou van Fraserburg wat vir die afgelope twee jaar met skape op Fraserburg se meent boer. Op die oomblik boer sy met 30 merino's. Op ons foto staan by 'n paar van haar wolskape. Lenzy wat sedert haar kinderdae af 'n belangstelling in klienvee boerdery het, moedig jong mense aan om betrokke te raak by boerdery as 'n manier om 'n lewe te maak as entrepreneur.

# HANTAM MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING: MM - WK01/2023

## PUBLIEKE VERGADERINGS VIR DIE VUL VAN VAKANTE WYKSKOMITEE POSISIES

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 73 van die Munisipale Strukture Wet, Wet 117 van 1998 dat die Munisipaliteit van voorneme is om in een (3) van die sewe (7) wyke publieke deelname vergaderings te hou om vakante wykskomitee posisies te vul ingevolge COGHSTA Omsendbrief 29 van 2016.

Ingevolge Artikel 73(3) van die Munisipale Strukture Wet, Wet 117 van 1998 het 'n munisipale raad die reg om reëls te maak wat die volgende reguleer:

- ★ Die prosedures wat gevolg word om wykskomiteelede te verkies met inagneming van die volgende:
  - ★ Gelyke verteenwoordiging van vroue op 'n wykskomitee;
  - ★ Diversiteit in terme van verteenwoordiging in die wyk (sektorale verteenwoordiging);
  - ★ Die omstandighede waaronder lede se termyn beëindig word; en
  - ★ Hoe gereeld komiteevergaderings gehou word.

Besonderhede van die Wykskomitee Verkiesingsvergaderings is as volg:

| DATUM | WYK | DORP | PLEK | TYD | VAKANTE POSISIES |
|---|---|---|---|---|---|
| 22 Maart 2023 | 1 | Calvinia | Lenie Skippers Gemeenskapsaal | 18:00 | 3 |
| 22 Maart 2023 | 7 | Middelpos | Middelpos Gemeenskapsaal | 11:00 | 4 |
| 23 Maart 2023 | 5 | Loeriesfontein | Loeriesfontein Raadsaal | 18:00 | 3 |

Nominasievorms sowel as die kriteria vir 'n wykskomiteelid is verkrygbaar by die betrokke wyksraadslid en by die kantoor. Vir navrae tydens kantoor ure (07:30-16:30) skakel gerus Mnr. Garth Mathys / Me. Kelly-Ann Persence by tel: 027 341 8500

**SAMANTHA TATAS-TITUS**
*Waarnemende Munisipale Bestuurder*

JONG VROU BOER MET MERINO's

# Lenzy Constable stel 'n voorbeeld

**FRASERBURG – Lenzy Constable is 'n 25-jarige jong vrou van die dorp en lid van die Kleinboere Vereniging van Fraserburg.**

Lenzy het begin boer op die ouderdom van 23 jaar.

As kind het sy skoolvakansies by familielede se boerderye deurgebring en deelgeneem aan die aktiwiteite op die plaas.

Na sy voor matriek die skool verlaat het weens gesondheidsprobleme het sy begin belangstel in boerdery. Al was sy so jonk en 'n vrou het sy in 2021 met haar pa se ondersteuning begin boer met 5 skape.

Lenzy het baie geleer by die Landbou Kleinboere Vereniging waar sy aangesluit het en by ander organisasies wat gestig is vir jong opkomende kleinboere.

Sy moedig jong mense aan om betrokke te raak by kleinvee boerdery, by 'n vereniging aan te sluit en vrae te vra.

Daar is instansies wat finansiële hulp bied. Jongmense het baie om te bied vir die gemeenskap en kan mekaar ondersteun deur werk te skep.

Onlangs is Lenzy verkies as sekretaresse van die Karikama Boere Vereniging en nooi die jeug uit om sessies by te woon waar sy graag vrae sal beantwoord. Sy is ook 'n addisonele lid van YARD se bestuur.

Haar boerdery is op die meent van Fraserburg waar sy met 30 merinoskape boer.

### Neef Gert se Sêgoed

Inflasie klop jy nie met 'n plat hand nie, maar wel met 'n toe hand.